# Sonder verhale vaar niemand wel[1]

**(Opgedra aan: Lané Niebuhr & Tanushri Pieters-Chavda)**

**I J J Spangenberg**

**Departement Ou Testament**

**Universiteit van Suid-Afrika**

## Abstract

## Without stories the lifeboat sinks

***The article addresses the issue of religious education for small children. These days the South African religious book market is flooded with publications from the USA. Some of these have been translated into Afrikaans. A large number of the publications meant for small children are written from a fundamentalistic viewpoint. In this article it is argued that parents should play a more prominent role in the education of their children. They need to tell their children stories so as to help them to become well-balanced adults. A child who grows up without stories – including religious stories – is all the poorer for it.***

## 1. INLEIDING

Die titel van my voordrag sinspeel op die titel van 'n Nederlandse boek wat dertig jaar gelede gepubliseer is. Dis die boek *Zonder geloof vaart niemand wel* van H M Kuitert (1974). In die boek argumenteer hy dat geen mens sonder 'n vertrouensbasis oor die weg kan kom nie. Ons wil graag weet dat ons nie alleen op ander kan vertrou nie, maar ten diepste ook op die lewe – en op dié Een wat die lewe gee. Sonder geloof, sonder vertroue, strand ons lewensboot.

Ek weet nie hoe histories waar die volgende vertelling is nie, maar daar sit 'n lewensles daarin. Daar was glo 'n keiser wat graag wou weet wanneer babas die vermoë ontwikkel om te praat. Hy het 'n handvol babas baie vroeg van hulle ouers weggeneem en menslike kontak met hulle tot die absolute minimum beperk. Vreemdelinge is gekontrakteer om die nodige versorgingswerk te doen. Hulle het die babas slegs 'n paar keer per dag van melk voorsien en die nodige "afstofwerk" gedoen. Hulle is verbied om met die babas te praat en om oogkontak met hulle te maak. Die babas het geen taal

[1] Lesing gelewer tydens 'n seminaar van die Eenheid vir Navorsing in Kinderliteratuur aan Universiteit van Suid-Afrika op 2 Maart 2004.

gehoor en geen vertroeteling of nabyheid beleef nie. Die resultaat van die eksperiment? Baie van die babas het vroeg gesterf en geeneen het spontaan begin praat nie. Wat is die lewensles? Sonder die ervaring van nabyheid, vertroeteling en gesprek is die lewe nie die moeite werd nie – al het jy al die lewensmiddele om te oorleef.

My argument in hierdie lesing is dat kinders wanneer hulle verhale uit hulle ouers en ander familielede se monde hoor *nabyheid*, *vertroeteling* en *gesprek* beleef. En dít maak die lewe die moeite werd. Vir gesonde groei as kind is gesprek en mondelinge verhale onontbeerlik. Na my mening is kinders selfs bereid om met minder voedsel oor die weg te kom, in ruil vir nabyheid, vertroeteling en gesprek. Een van die wreedste strawwe wat ’n mens ’n ander een kan oplê, is eensame opsluiting. Moet dus nooit ’n kind na sy of haar kamer verban wanneer hy of sy stout was en dan die deur agter hom of haar toetrek of toesluit nie. Verban hom of haar tot ’n kamer, maar laat die deur oop. Dit suggereer dat vergifnis en versoening steeds ’n opsie bly. Hoe kom vergifnis en versoening tot stand anders as deur middel van gesprek? ’n Toe deur sny gesprek af. Dit ontsê die kind die moontlikheid om “ekskuus” te kan sê.

## 2. VERANDERDE TYE VRA NUWE VERHALE

Die post-apartheid samelewing waarin ons vandag leef, verskil radikaal van die samelewing waarin baie van ons groot geword het. Ons kan dus nie meer die ou verhale vertel asof niks gebeur het nie. Ons verhale moet ons kinders help om sinvol in die nuwe samelewing in te pas. Alle mense het nou gelyke regte en die staat behandel alle godsdienste gelyk. Ons leef ook in die “global village” waar die aanhangers van die verskillende godsdienste op mekaar se voorstoep leef. Ewert Cousins (1993:422) verwys hierna as ’n tweede Aksiale periode. Die eerste Aksiale periode is die tyd toe die groot geeste van die mensdom geleef en die groot godsdienstradies en lewensfilosofieë tot stand gekom het (800-200 vC).

Dis onafwendbaar dat die aanhangers van die verskillende godsdienste mekaar vandag gaan beïnvloed en mekaar soms as bedreigend sal beleef. Ons taak is om ons kinders só te oriënteer dat hulle die wêreld rondom hulle sal verstaan. Ons moet hulle help om ’n eie identiteit te ontwikkel en ’n eie staanplek te vind te midde van al die ander mense rondom hulle (vgl Ariarajah 1993; Bishop 1997). Ons moet hulle aan die hand van verhale leer hoe om vir die aarde en al die spesies daarop om te gee. Bowenal sal ons hulle moet help om die nuwe wêreldbeeld hulle eie te maak. Hoe vroeër hulle van die oerknal hoor, met die evolusionêre biologie in aanraking kom en besef dat die kontinente vroeër anders gelyk het as vandag, hoe beter vir hulle oriëntasie

en die vaslegging van ’n eie identiteit. Ons sal die Bybelverhale nie maar net kan vertel soos dit aan ons vertel is nie, maar ook die resultate van die moderne Bybelwetenskap ernstiger moet opneem (vgl Spangenberg 1998; Marguerat & Bourquin 1999; Gastaldi & Musatti 2000; Borg 2002). Die historiese Jesus-navorsing is nie meer iets wat geïgnoreer kan word nie. Dit kán ons kinders help om steeds met Jesus van Nasaret te identifiseer – al lyk Hy nou anders as hoe ons Hom as kinders voorgestel het (vgl Borg 1995).

## 3. ONTWIKKELINGSFASES VAN KINDERS

Ons is almal bewus daarvan dat kinders deur verskillende ontwikkelingsfases gaan (vgl Van Wyk 1988). Ons hanteer daarom nie ’n vier- of vyfjarige soos ’n puber nie. Pubers is andersoortige kinders met andersoortige behoeftes en lewensvrae. Hulle is nòg vis nòg vlees. Met ’n puber in die huis het jy as ouer soms oneindige geduld en lewenswysheid nodig – nie net om met hulle oor die weg te kom nie – maar ook om hulle op hulle lewenspad te begelei. Om hulle op jou skoot te tel en ’n verhaal aan hulle voor te lees, sou vir hulle totaal onaanvaarbaar wees. In hierdie stadium van hulle lewens moet die nabyheid en vertroeteling tot ’n minimum beperk word. Dit moet wel nog daar wees, maar nou in die gedaante van ’n ouer wat kan *luister* en die *emosies* agter die gedrag en brawades kan registreer en sinvol daarop kan reageer. Gesprek neem nou ’n ander karakter aan.

My fokus val in hierdie lesing op die *vroeë fase* van kinders se lewens. Dis die tyd van die *groot nuuskierigheid* en die bereidheid om grootmens-take te verrig. Dis die tyd wanneer hulle pa in die tuin sal sien spit en hom spontaan met hulle grafie kom help. Dis die tyd wanneer hulle ma in die kombuis sal sien bak en brou en spontaan handjie kom bysit. Dit is vir my een van die mooiste en genotvolste fases in ’n kind se lewe. In hierdie fase kan jy met kinders toor en is hulle soos klei in jou hande. Daar is ’n spreuk wat lui: “Gee my die eerste sewe jaar van ’n kind se lewe en hy of sy sal my invloed nie ontkom nie – al leef hy of sy ’n duisend jaar.” En dis wáár!

Die wortel van rebelsheid en destruktiewe gedrag van sommige tieners is dikwels in hierdie fase van hulle lewens te vind. Toe hulle gekoester moes word, het niemand omgegee nie. Toe hulle spontaan handjie wou bysit, is hulle afgejak en weggeja. Hulle het nie sigbaar gesien dat pa en ma vir mekaar, vir ander mense en die skepping om hulle, omgee nie. Hulle het nie gesien hoe lewe uit ’n mieliepit beur en ’n mielieplant word nie. Hulle het nie die voorreg gehad om ’n lammetjie te sien drink en die dankbaarheid in die stertjie te sien ril nie. Toe hulle koestering moes ervaar, het hulle oë moord en doodslag aanskou.

## 4. LÊ IDENTITEIT EN WAARDES VAS (2-4/5 JAAR)

Die lewensfases wat ons met die name "peuter" en "kleuter" tipeer, is die lewensfases waar die kind se *identiteit* en *waardes* vasgelê word (vgl Klink 1981). Dis die fase waar hulle bewus raak van wie hulle is – man of vrou. Dis die tyd van "Wys my joune dan wys ek jou myne." Moenie die kind hierdie ontdekking van die ander een se andersheid ontsê nie. Gun hulle die kyk. Dis 'n gesonde stukkie nuuskierigheid. As hulle vrae daaroor het, beantwoord saaklik. 'n Omvattende les oor seksualiteit is nog nie nodig nie. Dit mag wel láter nodig wees om meer te vertel. Maar die kind se vrae sal toon watter inligting hy of sy verlang.

In hierdie fase word hulle nie net bewus van hulle eie geslagtelikheid nie, maar ook dat hulle êrens tussen al die verskillende mense en diere inpas. Moenie skaam wees vir jou eie identiteit en die kind met 'n stuk onsekerheid opsaal nie. Noem die taal wat julle praat by die naam – so ook die volk en godsdienstige tradisie waarmee julle identifiseer. Leer hulle 'n liefde vir jou taal en die godsdienstige tradisies waarmee jy identifiseer. Moenie kinders van ses en sewe jaar opsaal met die keuse of hulle met die Christelike geloof wil identifiseer of nie. Jy stel hulle tog nie voor die keuse of hulle Afrikaans wil praat of liewer Engels wil aanleer nie. Dis vir my totaal onverstaanbaar dat ouers só 'n houding oor godsdiens en godsdienstige aktiwiteite kan inneem.

Maak kinders gemaklik met hulle identiteit en stel hulle dan bloot aan ander tale, kulture en godsdienste. Stel hulle mettertyd bloot aan ander mense met 'n ander velkleur en wat 'n ander taal praat. Wys hulle op die verskille tussen woonhuise, kerke, moskees, sinagoges en tempels. Vertel hulle dat mense nie net verskillende tale praat nie, maar dat hulle ook verskillende belewenisse van God het. Maak hulle bewus daarvan dat daar verskillende spirituele tale bestaan (vgl Spangenberg 2003). Blaai saam deur 'n boek soos *The Oxford children's A to Z of world religions* (Ganeri 1999) en kweek 'n sensitiwiteit by die kind vir ander geloofstradisies aan.

Wys hulle mynhope, fabrieke, hospitale, spreekkamers en hofgeboue. Vertel hulle dat mense verskillende aanlegte het en daarom verskillende soorte werke doen. Neem hulle na museums, monumente en besienswaardighede. Leer hulle langs dié weg dat hulle nuwelinge is en dat daar mense voor hulle geleef het wat met moeite sekere dinge tot stand gebring het. Leer hulle respek vir hierdie museums, monumente en besienswaardighede. Ons staan almal op die skouers van ons voorouers. Daarom is dit ook nie verkeerd om hulle na begrafplase en gedenkmure te neem nie. Kinders moet ook weet dat die dood die onafwendbare einde van lewe is, maar dat ons daarvoor geen vrees hoef te koester nie. Stel hulle gerus dat as hulle eendag doodgaan ons voorouers en God daar sal wees om

hulle te ontvang net soos ons hulle ná hulle geboorte hier ontvang en versorg het.

Besoek dieretuine, wildparke, ’n groot dam of ’n grot. Stel hulle bloot aan die Vrystaatse vlaktes of die Kalahari-sandduine. Kruip saam met hulle in die stof rond. Vang ’n sprinkaan. Wys hulle ’n by. Hou ’n akkadis dop. Gesels met hulle oor die son, die maan, die sterre en planete. Prikkel hulle nuuskierigheid.

Leer hulle rympies en lees vir hulle verhale hardop voor. Onder hierdie verhale moet daar ook godsdienstige verhale wees. Lees en vertel die verhale wat waardes en lewensvaardighede illustreer; wat wys wat dit beteken om ’n mens vir ander mense te wees en ’n mens wat vir die aarde en alles daarop omgee. Ek dink hier aan verhale wat illustreer hoe een persoon ’n ander een vergewe (byvoorbeeld die Josefverhaal in Gen 37-50); hoe een persoon ’n ander een se nood raaksien en daarop reageer (byvoorbeeld die gelykenis van die barmhartige Samaritaan in Luk 10:25-37). Vertel vir hulle die verhaal van Naomi en Rut en wys vir hulle wat vriendskap en lojaliteit beteken. Vertel die verhaal van die tien melaatses waarvan net een teruggedraai het om te kom “dankie” sê (Luk 17:11-19). Vertel die verhaal van Saggeus (Luk 19:1-10) en wys hulle hoe ’n mens reg maak as hy verbrou het.

Hennie Aucamp (1994:18) het na my mening ’n groot wysheid raakgevat met sy stelling: “Beskawing staan op twee bene. Die een heet *Dankie* en die ander *Ekskuus*. En aan die manier waarop ’n volk (én ’n individu) “dankie” en “ekskuus” sê, kan sy beskawingspeil afgelei word.” Die aanleer van die woorde “dankie”, “asseblief” en “ekskuus” is belangrik. Dis woorde wat onontbeerlik is in ons daaglikse omgang met ander. Die bullebakkery wat in ons samelewing voorkom, hang na my mening saam met die feit dat baie mense die woorde “dankie” en “ekskuus” nie meer in hulle woordeskat het nie. Dit mag dalk wees dat hulle hierdie woorde nooit aangeleer het nie.

Wys die kind ook daarop dat daar sekere waardes is wat nie uniek aan die Christelike godsdiens en die Westerse mens is nie. Blaai gerus deur prenteboeke en wys kinders hoe ander kinders leef. Vra hulle om vir jou die prentjies te wys waar ander kinders “dankie” en “ekskuus” sê. Vra hulle of hulle dink skaaplammers sê “dankie” wanneer hulle stertjie ril as hulle drink.

## 5. KWEEK ’N KRITIESE INGESTELDHEID (5/6-7 JAAR)

Een van die groot tekortkominge in ons Bybels is verhale wat oor plante en diere handel. Daar is wel enkele verhale, maar hulle het meestal te doen met mense wat diere doodmaak (byvoorbeeld Simson en die leeu in Rigters 14:5-6). Of mense wat diere aanhits om ander mense dood te maak (byvoorbeeld

Elisa en die kinders wat hom gespot het in 2 Konings 2:23-24). Kinders moet verhale hoor oor hoe ons as mense behoort om te gee vir die aarde en al die inwoners daarvan. Die gebrek aan hierdie soort verhale in die Bybel is ’n duidelike bewys dat die Bybelboeke nie met die oog op kinders geskryf is nie. Die Bybelboeke was geskryf met die oog op die Israelitiese elite wat kon lees en skryf.

Maak kinders daarvan bewus dat om kind te wees in daardie samelewings en om kind te wees in ons samelewing radikaal van mekaar verskil. Wys hulle daarop dat dit nie altyd lekker was om kind in daardie samelewing te wees nie (vgl Botha 1999). Kinders moes reeds van kleintyd af werk om families te help oorleef en om te sorg dat huishoudings vlot verloop. Sommige meisies het al op die ouderdom van twaalf en dertien jaar hulle eerste kind gehad (vgl Botha 2000).

Dit is goed om vir kinders te vertel dat kulture verskil en dat samelewings oor tyd heen verander. Vertel gerus vir hulle die verhaal van Moses in die biesiemandjie op die Nylrivier (Eks 1:1-2:10) en kort daarna die verhaal van Jesus se geboorte soos Matteus dit vertel (Matt 1:18-2:23). Vra hulle gerus uit na die ooreenkomste. Wie het Moses se lewe bedreig? Wie het Jesus se lewe bedreig? Hoe het Moses se ouers gehandel? Hoe het Jesus se ouers gehandel? Maak hulle daarvan bewus dat ouers graag hulle kinders wil beskerm. Wys hulle hoe diere in die diereryk hulle kleintjies beskerm.

Alhoewel die Bybel arm is aan verhale oor hoe mense vir die aarde, plante en diere omgegee het, is daar wel gedigte wat iets weergee van daardie mense se verwondering aan die skepping. Lees gerus Psalm 8 aan hulle voor. Maak hulle ook bewus dat daardie mense ’n totaal ander beeld van die heelal gehad het. Wys vir hulle ’n prentjie van die drieverdieping heelal en lees dan ’n gedeelte uit Job 38 aan hulle voor. Vra hulle wat die verteller bedoel het met die “skatkamers van die sneeu” en die “skatkamers van die hael”. Wys hulle ’n prentjie van die melkweggalaksie en waar ons sonnestelsel geleë is. Plaas die twee prentjies naas mekaar en vra hulle om te verduidelik waarom dit verskil.

’n Verhaal wat mens met groot omsigtigheid aan peuters en kleuters moet vertel, is die Vloedverhaal in Genesis 6-8. Na my mening behoort ’n mens dit nie vir kinders onder die ouderdom van sewe jaar te vertel nie. Selfs vir sewejariges kan dit ’n skrikwekkende verhaal wees. Alle mense beleef vloede en oorstromings as bedreigend. Selfs volwassenes maak nie vrede daarmee nie.

Neem hulle gerus eers na ’n dieretuin en wys hulle daarop dat ’n dieretuin eintlik ’n moderne ark is. Maak hulle bewus van die hoeveelheid mense wat daar werk. Wys vir hulle die tonne voer en al die baie mis wat

weggery moet word. Vra hulle dan hoe groot hulle reken 'n dieretuin moet wees wat al die diere op aarde kan huisves. Vra hulle hoeveel mense hulle reken nodig sou wees om so 'n groot dieretuin te bedryf. Vertel nou die verhaal van Noag (of dan die Vloedverhaal). Vra vir hulle waarom hulle reken dit 'n storie is. Bring ook weer die drieverdieping kosmos ter sprake en wys hulle op die antieke siening dat die ruimte onder die aarde en selfs die ruimte bo die aarde vol water is. Vra hulle waar antieke mense aan die idee gekom het (wys vir hulle op die blou lug en op putte en fonteine). Wys hulle daarop dat die verteller van hierdie verhaal ook wou kommunikeer dat God omgee; dat die storie waarskynlik verband hou met iemand se vraag waarom daar soms 'n reënboog in die lug verskyn. Dalk was dit 'n kind wat sy of haar ouers gevra het na die rede vir die reënboog. Waar kom dit vandaan en hoekom is dit daar? Wys hulle daarop dat daardie mense rondom hierdie vrae 'n verhaal geskep het wat die hoop verkondig het dat daar nie weer 'n massiewe vloed sal wees nie. Vir die lekkerte kan mens hulle afrig om as 'n spreekkoor Elizabeth van der Merwe se gedig "Die dieretuindiere" (vgl Opperman 1982:86) voor te dra.

> Hoerê en hoera vir die dieretuindiere:
> luiperds, leeus, renosters en tiere,
> pronkende poue vol grille en giere,
> buffels en bisons met bult-osmanier.
> Ons het ons byna vergaap aan hul spiere
> toe ons gaan kyk het na daardie groot diere.

Wys hulle op God se sorg vir die totale skepping. As 'n vloed die aarde bedreig, red God nie net die mense nie, maar alles wat lewe.

## 6. RENDEMENT OP DIE BELEGGING

Die hoeveelheid tyd wat jy in hierdie lewensfase met jou kinders deurbring en die moeite wat jy doen om hulle te help om 'n eie identiteit te ontwikkel, kom dubbel en dwars na jou terug in hulle latere lewe. As jy saam met hulle gespeel het, saam met hulle gefantaseer het, saam hulle nuuskierig gewees het; aan hulle verhale en gedigte voorgelees sodat hulle jou nabyheid en vertroeteling ervaar het, sal jy vind dat hulle altyd weer na jou terugkom vir raad en leiding. Ons maak almal foute tydens die opvoeding van ons kinders, maar binne 'n atmosfeer van omgee, oorleef kinders ons foute en feile en word hulle welaangepaste volwassenes.

Die volgende waarskuwing van Morislaf Volf (1992:97) sal ons egter ter harte moet neem:

> There are many Christians who live with uncertainties that reach even the very core of their faith. But it is still an open question whether they can be successful in transmitting a living Christian faith to successive generations and to non-believers. One thing is certain, however. If they fail in this task, the future of Protestant Christianity may lie with the fundamentalists – with hard-core fundamentalist and with former fundamentalists who have mellowed with time. Non-fundamentalistic churches face a great challenge, then, of finding ways to hand down sucessfully to others the treasure they carry in earthern vessels.

As ons kinders se godsdiensopvoeding vir ons belangrik is; hulle aanpassing in die nuwe Suid-Afrika ons ter harte gaan, sal ons moet waak dat hulle die Christelike geloof nie uitsluitlik via fundamentalistiese publikasies leer ken nie. Sulke publikasies oorstroom tans die Suid-Afrikaanse godsdiensmark vir kinderliteratuur en dit is dikwels vertalings van publikasies uit die VSA.

## Literatuurverwysings

Ariarajah, W 1993. *The Bible and people of other faiths*. Geneva: World Council of Churches.

Aucamp, H 1994. *Pluk die dag: Aforismes en ander puntighede*. Kaapstad: Tafelberg.

Bishop, P D 1997. *The Christian and people of other faiths*. Peterborough: Epworth. (Thinking Things Through 3.)

Borg, M 1995. *Meeting Jesus again for the first time: The historical Jesus and the heart of contemporary faith*. New York: HarperCollins.

Borg, M 2002. *Reading the Bible again for the first time: Taking the Bible seriously but not literally*. New York: HarperCollins.

Botha, P J J 1999. Laat die kindertjies na my toe kom: Kind-wees in die wêreld van Jesus (1). *Skrif en Kerk* 20, 302-325.

Botha, P J J 2000. Wat sal van dié kindjie word? Kind-wees in die wêreld van Jesus (2). *Skrif en Kerk* 21, 1-18.

Cousins, E 1993. Judaism – Christianity – Islam: Facing modernity together. *Journal of Ecumenical Studies* 30, 417-425.

Deist, F E 1991. *Verhinder hulle nie: Godsdiensonderrig aan laerskoolkinders*. Pretoria: J L van Schaik.

Ganeri, A 1999. *The Oxford children's A to Z of world religions*. Oxford: Oxford University Press.

Gastaldi, S & Musatti, C 2000. *People of the Bible: Life and customs*. London: SCM.

Klink, J L 1981. *Naar de tred van kinderen: De bijbel in de gosdienstpedagogiek*. Nijkerk: Callenbach.

Kuitert, H M 1974. *Zonder geloof vaart niemand wel: Een plaatsbepaling van Christendom en kerk*. Baarn: Ten Have.

Marguerat, D & Bourquin, Y 1999. *How to read Bible stories: An introduction to narrative criticism*. London: SCM.

Opperman, D J 1982. *D J Opperman se nuwe klein verseboek*. Kaapstad: Tafelberg.

Spangenberg, I J J 1998. *Perspektiewe op die Bybel: God se woord in mensetaal*. Pretoria: J L van Schaik.

Spangenberg, I J J 2003. Godsdiens en kreatiwiteit, in Spangenberg I J J, *Teologie op die markplein*, 81-83. Pretoria: CB Powell Bybelsentrum.

Theunissen, A 1978. *Vernaamstes in die koninkryk: Godsdiensleiding vir die voorskoolse kind*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Wyk, D 1988. *Die verhouding tussen ouer en kind*. Pretoria: Human & Rousseau.

Volf, M 1992. The challenge of Protestant fundamentalism, in Küng, H & Moltmann, J (eds), *Fundamentalism as an ecumenical challenge*, 89-98. London: SCM.